Bylaag C: Tendense waargeneem tydens die nasien van die klasopdragte

Graad 6
0% tot 33% van al die kandidate kon die volgende realiseringsmiddele van kohesiemerkers hanteer.
• persoonlike voornaamwoorde *dit* of *hulle* wat vir die realisering van sinseksterne verwysing gebruik word • teenstellende onderskikkende voegwoord *asof* • betreklike voornaamwoord *waaraan* of *aan wat* • bywoord *toe* wat terugverwys na ’n bepaalde tydstip wat in die teks bekendgestel is • die werklike gebruik van ellips by sinsneweskikking • die realisering van leksikale kohesie deur middel van die gebruik van sinonieme
Graad 9
0% tot 33% van al die kandidate kon die volgende realiseringsmiddele van kohesiemerkers hanteer.
• teenstellende voegwoordelike bywoord *al* • redegewende onderskikkende voegwoord *omdat* • die vergelykende woord *dieselfde* • teenstellende onderskikkende voegwoord *asof* • die werklike gebruik van ellips by sinsneweskikking • die realisering van leksikale kohesie deur middel van die gebruik van sinonieme